# Inhoud

## Kwartaal 4: Week 36 tot 40

**Storie 1:**
Stoffel .................................. 2



**Storie 2:**
Ons trek .................................. 7



**Storie 3:**
Diere se huise ...................... 12



EXTRACT PAGES

# Stoffel



EXTRACT PAGES

Hallo, ek is Stoffel.
Ek het uiteindelik ’n eienaar gekry.
Ek is ’n robot-stofsuier en ek wil begin werk.
Die mense lag. Hulle het nog nooit ’n robot-stofsuier gesien nie.
Die ma sê ek is ’n geskenk van haar werk af.




EXTRACT PAGES


My brein maak ’n kaart van elke kamer.
Die mense volg my.
Wat is dié wollerige ding met die skerp naels en tande?
Sjoe, hy klink baie kwaad.
Hy sis en grom meer as ek!




EXTRACT PAGES

Eina! Iets klou aan my rug.
Dis al weer die wollerige ding!
Daar lê oral goed op die vloer.
Ek maak 'n paar draaie.
Hier sit ek eers vas.
Gelukkig kan ek agteruit ry. Daar gaan ek!










EXTRACT PAGES

Skielik roep kleinsus Hanna: “Spook!”
Ek skrik my yskoud.
Sy het vergeet my naam is Stoffel.
Iets is nie reg nie. Ek voel flou.
Dit tik, brom en kap binne-in my.
Ousus Sofia haal krale uit my borsels.
Nou voel ek baie beter!



Dit is vandag Sofia se verjaarsdag.
Sy is die oudste kind.
Ek hou haar geskenk in my kloue vas.
Sofia sien haar geskenk en lag bly.
Ek is Stoffel, die robot-stofsuier.
Ek hou daarvan om die mense in die huis te help!

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Wat is die "wollerige ding"?
2. Sou jy graag sou 'n robot-stofsuier wou hê? Hoekom of hoekom nie?
3. Hoekom het Stoffel flou gevoel?

# Ons trek



EXTRACT PAGES

“Ons het ons eie huis gekoop!” sing ek.
“Ons trek vandag!” sing ek nog.
“Ai, ons gaan julle mis,” sê Ouma hartseer.
Orals in die huis staan bokse rond.
Die meubels en die matte gaan saam met die trek.



EXTRACT PAGES

Ons hardloop deur al die kamers in die nuwe huis.
Pa sê: "Julle is darem opgewonde!
Hier is die kamer wat julle gaan deel.
Kom ons kry julle beddens reg."
Hier is baie plek vir ons speelgoed.